www.Aalwyn nuusbrief .co.za

September/Oktober 2020, Uitgawe 5

Die Aloe Ferox gesonde leefstyl gewigsverlies-uitdaging het op 1 Januarie 2020 vir 12 weke begin.

Daar was vele inskrywings en baie gewig is afgeskud. Ons het verskeie wenke, resepte vir kos en drinkgoed, asook inligting rakende dié Aloe Ferox-aanvullings wat gewigsverlies bevorder, beskikbaar gemaak.

Die uitdaging het op 31 Maart 2020 ten einde geloop en die "grootste verloorders" het elk R2 000 gewen!

Baie geluk aan:
1. Loren Gray,
2. Madelene van der Berg en
3. Linda en Wayne van Zyl.

Sien meegaande drukstukke vir verdere inligting, asook hul foto-getuienisse. 'n Nuwe uitdaging sal op 1 Februarie 2021 van stapel gestuur word.



PRYSVERHOGING 2020

Die 21-dag grendelperiode het ontaard in iets wat al soos honderde dae voel en die einde is steeds nie in sig nie – maar ons, die mensdom, sal weer opstaan en weer eens floreer! Ongelukkig eis die voortdurende wêreldwye ekonomiese spanning sy tol, wat die koste van ingevoerde bestanddele die hoogte indryf. Aloe Ferox is genoodsaak om 'n onvermydelike prysverhoging op 1 September 2020 in te stel.

- Die Timeless-reeks bly weer eens onveranderd – geen verhoging!
- Die Classic-reeks styg met 'n gemiddeld van 6%.
- Die gesondheidsaanvullings word individueel aangepas. Wisselvallige internasionale markte kan pryse dalk herhaaldelik beïnvloed.

NUWE PRYSSTRUKTURE

Kleinhandelprys van 'n bestelling	Verspreidervoordeel	Koerierfooi
1. R1 → R799.99	15%	R110
2. R800 → R1 299.99	26%	R110
3. R1 300 → R14 999.99	37%	R0
4. R15 000 →	40%	R0

Sien meegaande bestelvorm vir verdere inligting, asook die aangepaste pryse.

VERBETER

jou verkope
deur professioneel-ontwerpte
bemarkingsmateriaal aan jou kliënte te stuur.

Ons het ’n bemarkingsveldtog geloods waar ons hoë kwaliteit bemarkingsmateriaal aan Aloe Ferox-verspreiders beskikbaar stel op verskeie media: gedruk, WhatsApp, Facebook, ens. Hierdie inisiatief sluit o.a. die maandelikse “specials”, produkhoogte-punte en -voordele, getuienisse sowel as pasgemaakte advertensies van jou keuse in.

Hoe werk die **WhatsApp**-veldtog?
Aloe Ferox het ’n WhatsApp “broadcast”-groep gestig. Die lede van die groep verskyn nie op die groep nie, m.a.w. hul kan ook nie op die groep met mekaar kommunikeer nie. Kommunikasie vanaf Aloe Ferox sal dus voorkom of dit slegs aan jou gestuur word en nie aan die groep nie. Ons sal algemene materiaal op die groep pos en pasgemaakte materiaal slegs aan jou. Belangrike inligting sal ook van tyd tot tyd op die groep gepos word.

Hoe raak ek betrokke by die **WhatsApp**-groep/lys?
1. Stuur ’n epos aan whatsapp@af.co.za met die volgende besonderhede:
   - Naam en van.
   - Verspreiderkode.
   - Jou WhatsApp-selfoonnommer.
2. Jy sal ’n welkom-boodskap ontvang nadat jou nommer suksesvol bygevoeg is.

Hoe doen ek aansoek vir pasgemaakte **WhatsApp**, **Facebook** of gedrukte materiaal?
1. Stuur ’n epos aan design.it@af.co.za.
2. Sluit alle inligting wat jy op die advertensie benodig in – produkte, jou kontakbesonderhede, reëlings t.o.v. bestellings, ens.
3. Spesifiseer die formaat waarin jy die materiaal benodig – WhatsApp, Facebook, gedruk, ens.
4. Aloe Ferox sal die advertensie ontwerp en binne ’n paar dae aan jou stuur of pos op die media van jou keuse.
5. Volkleur, gedrukte materiaal sal R1 per A4-bladsy (enkelkant) kos.

Vervolg op volgende bladsy.

Belangrik (Verbeter jou verkope vervolg)

1. Aloe Ferox sal geen boodskappe wat aan ons op die WhatsApp-groep/lys gestuur word, lees of beantwoord nie.
2. WhatsApp-boodskappe sal gedurende kantoorure op weeksdae gestuur word.
3. Aloe Ferox kan ongelukkig geen pasgemaakte materiaal ontwerp wat
   - tot die nadeel van ander Aloe Ferox-verspreiders is, of
   - enige mediese of ongegronde aansprake bevat nie.

Sien meegaande drukstukke vir verdere inligting en voorbeelde.

Covid-19 het elke faset van ons daaglikse lewe binnegedring – koerierdienste kon dit ook nie vryspring nie. Die druk op koeriers is baie groot, bloot a.g.v. die onbeperkte blootstelling wat hulle daagliks moet verduur. Beide Aramex- en Triangle-koerierdienste voldoen 100% aan die nodige wetlike vereistes, maar die addisionele maatreëls knel aflewerings tye. Ons is deeglik bewus dat sommige aflewerings aansienlik langer neem – veral in afgeleë areas. Wees asb. geduldig terwyl jy vir jou bestellings wag. Onthou, die veiligheidsmaatreëls is tot jou voordeel ook.

BESTEL AANLYN

Aloe Ferox het ’n nuwe toep (“app”) ontwikkel wat op slimfone, tablette en rekenaars werk en waarmee bestellings geneem en geplaas kan word. Dit is baie gebruikers-vriendelik, selfs al is jy in die laat 14de eeu gebore. ☺

Die toep sal vir een maand op ’n proefbasis aan ’n klein groepie verspreiders beskikbaar gestel word. Stuur asb. jou naam, van, verspreiderkode en kontaknommer aan app@af.co.za indien jy aan die proef wil deelneem. Verspreiders wat baie aktief is en verskeie bestellings per maand plaas, sal voorrang geniet.

Daar is verskeie maniere om betalings te maak. Ons wil graag 'n nuwe en veilige manier aan jou bekend stel, maar eers 'n vinnige oorsig:

1. Die beste metode om betalings te maak is EFT – "electronic funds transfer". Die betaler teken aanlyn by 'n bank aan met 'n rekenaar of 'n toep op 'n slimfoon. Betalings kan dan daarvandaan aan enige persoon of instansie gemaak word.
   - ✓ Laagste diensfooie vir beide partye.
   - ✓ Veilig, eenvoudig, gemaklik en vinnig.
   - × Benodig 'n rekenaar of slimfoon met internet-toegang of data.

   Verspreiders word versoek om verkieslik EFT-betalings aan Aloe Ferox te maak.

2. 'n Nuwe manier is "scan to pay". Dit kan baie intimiderend klink, veral vir diegene wat nie goed bevriend is met tegnologie nie, maar ons wil jou regtig graag bystaan. Stuur gerus 'n epos aan scantopay@af.co.za vir persoonlike hulp met "scan to pay".
   - ✓ Lae diensfooie betaalbaar deur die begunsdigde.
   - ✓ Veilig, eenvoudig, gemaklik en vinnig.
   - × Benodig 'n slimfoon met internet-toegang of data.

   Nuut

   Hoe werk dit?
   - 'n Finansiële instansie reik 'n unieke QR-kode (regs bo) uit aan bv. Aloe Ferox.
   - Hierdie kode word in ons winkel, by stalletjies, aanlyn, op fakture, ens. vertoon.
   - Die betaler skandeer die kode met 'n toep op 'n slimfoon en tik die bedrag in.
   - Die toep finaliseer die transaksie en plaas die fondse oor in Aloe Ferox se rekening.

   Skandeer gerus Aloe Ferox se QR-kode (regs bo) om jou volgende bestelling te betaal.

3. Kaartbetalings is 3de op die lys en kan by 1. 'n kaartmasjien gemaak word (redelik veilig), 2. aanlyn deur jou kaartnommer, vervaldatum en CVC te verskaf (effens riskant), of 3. deur slegs jou kaartnommer en vervaldatum aan Aloe Ferox te verskaf (baie veilig).
   - ✓ 2%-8% diensfooie betaalbaar deur die begunsdigde.
   - ✓ Eenvoudig, gemaklik en vinnig, maar kan effens riskant wees.
   - × Benodig toerusting met internet-toegang of data.

4. Laastens, kontant wat by 'n OTM of teller binne die bank gedeponeer word.

   Onthou dat 'n R65-diensfooi op kontantbetalings vanaf 1 Augustus 2020 gehef word.